

Algemeen

Puntetoekenning:

Kandidate moet aandag skenk aan die toekenning van punte by elke vraag, veral waar klaar verwag word om 'n rede te verskaf en daarvolgens antwoord.

Taalgebruik:

Taalgebruik oor die breë spektrum van sentrums is besonder swak en onderwysers moet kinders aanmoedig om meer tyd te spandeer sodat hulle taalvaardighede aanleer.

'n Voorstel: alle kandidate behoort 'n eenvormige basiese drama- woordeskat aan te leer en moet voorsien word van 'n lys van basiese dramaterminologie.

Alhoewel kandidate sekere feitelike kennis kan weergee, word antwoorde op 'n verkorte wyse beantwoord. Hulle moet aangemoedig word om in volsinne te antwoord.

Genre

Alhoewel daar by sekere sentrums bewys is van redelike kennis en begrip van Arm Teater, Realisme, Epiese en Absurde Teater, is daar sentrums wat 'n gebrek toon aan begrip, selfs verward raak met die verskillende genres, wat hulle dan benadeel bet. Byvoorbeeld, die gebruik van 'n Prosceniumboog-verhoog en 'n oop verhoog.

Vraag 1

Almal kon identifiseer met die Volkslied, maar was onseker oor die begrip SPREEKKOOR. Baie kandidate bet dit as 'n sangkoor bespreek. Kandidate bet ook gebrekkige kennis van die volgende terminologie getoon :

Mimiek, Improvisasie,
Resonansie en Projeksie.

Die basis moet reeds in graad 10 vasgelê word. Min kandidate toon begrip van die funksie en ook die samestelling van 'n prosceniumboogverhoog.

Vraag 2

Oor die algemeen was kennis nie baie volledig wat die inhoud van die drama aan betref nie.

Taalgebruik in die verduideliking van fisiese en taalvaardighede was swak.

Die hooftema van die drama is ook nie duidelik begryp en deur kandidate weergegee nie.

Vraag 3

Kandidate wys 'n goeie begrip van die doel van omgewingsteater, asook van die opvoeringstegnieke, alhoewel hulle soms baie verward geraak het met die twee toneelstukke.

Vraag 4

Kandidate het te veel geskryf vir die aantal punte wat toegeken is. Dit was duidelik dat die kandidate nie die inhoud van die drama goed genoeg geken het nie. Om 'n drama ten volle te begryp moet die drama 'n hele paar keer deurgelees word!!

Kennis van Realisme as 'n genre en die toepassing daarvan was uiters gebrekkig. Kandidate het ook nie 'n idee wat met die woord STEL bedoel word nie .

Vraag 5

Min beantwoord hierdie vraag op SG- vlak, maar indien die vraag wel beantwoord is, kon mens duidelik agterkom dat daar goeie begrip en kennis is.

Vraag 6

Besonderse swak kennis van Epiiese Teater was opvallend in die vraag.